Die ATKV se Rieldanskompetisie — Luisterbegripstoets 1

Kyk na dié **video** en luister fyn.
Lees nou die vrae en beantwoord soveel van hulle as wat jy kan.
Kyk weer 'n slag na die insetsel.
Kan jy nou al die vrae beantwoord?

1. Die video waarna jy gekyk het, kom uit 'n aktualiteitsprogram. Van watter TV-stasie? 1
2. Wie is die verslaggewer wat die mense gaan uitvra het oor die rieldanskompetisie? 1
3. Hoe beskryf hy die rieldans reg aan die begin van sy storie? 1
4. Wanneer die verslaggewer by die trappies afspring, sien mens 'n lang, regop klip in die agtergrond. Wat is dit? En waar is dit? 2
5. In watter jaar is die eerste rieldanskompetisie gehou? 1
6. Die verslaggewer sê die weerburo voorspel stofstorms vir die gebied. Praat hy van regte stofstorms, ja of nee? Motiveer jou antwoord. 2
7. Wat is 'n belangrike maatstaf of kriterium wanneer rieldanse beoordeel word? 1
8. Watter organisasie vertoonwoordig Japie Gouws? Gee die afkorting en die volle naam. 2
9. Hoekom dink hy is die rieldanskompetisie belangrik? Gee ten minste twee redes. 2
10. Waar is Elias Nel gebore? 1
11. Watter aspek van die rieldanse het hom veral beïndruk? 1
12. Waaroor was Elias bekommerd? 1
13. Wat het hy gedoen om hierdie bekommernis van hom uit die weg te ruim? En het sy plan gewerk? 2
14. Wat is Elias se droom? 1
15. Wie is Shaleen Surtee-Richards? 1
16. Sy sê sy is vanjaar se rieldanskompetisie se "MC". Waarvoor staan dié afkorting? Wat is dit in Afrikaans? Gebruik 'n woordeboek as jy nie weet nie. 2
17. Watter rieldansgroep was verlede jaar se wenner onder die juniors? 1
18. En onder die seniors? 1
19. Aan watter dansgroep behoort Petrus Nel? 1
20. Dink hy sy groep se kanse om vanjaar se kompetisie te wen, is goed? Ja of nee? Motiveer jou antwoord. 2
21. Hoe oud is Hettie Witbooi? 1
22. Hoe hou Hettie by by die jonger dansers? 2
23. Watter groep mense van ons land het oorspronklik die rieldans gedans? Wanneer het hulle dié dans gedans? 2
24. Die verslaggewer noem dat 'n dans van 'n oorsese land ook die rieldans beïnvloed het. Watter land het hy genoem? 1
25. Hoe het die rieldans sy naam gekry? 1
26. Wie is vanjaar se wenner van die rieldanskompetisie? 1

Totaal 35

© Pearson www.longman-hat.co.za